<u>Skriflesing:</u> Psalm 2; Hebreërs 1
Heidelbergse Kategismus- **Sondag 13**
Teks: Hebreers 1:1-4; Psalm 2:6-9
Sing- SAMESANG- Ps.16:1,3
TYDENS EREDIENS- Ps.9:1,8,10; Ps.19:1,7; Ps.2:1,6

In Sondag 12 is daar vir ons gevra, broeder en suster, waarom word jy ’n Christen genoem? Daardie eenheid met Christus, staan ons naby. Soos wat Christus gesalf is tot hoogste Profeet, enigste Hoëpriester, ewige Koning, so is ons ook gesalf. Gesalf om profete, priesters en konings te wees. Deur die geloof is ons lid van Christus. Maar nou moet ons versigtig wees, en daardie versigtigheid is in Sondag 13 baie belangrik. Al deel ons in dieselfde salwing soos Christus gesalf is, al word ons ook in Hom profete, priesters en konings genoem moet ons vanuit Sondag 13 besef dat Christus en ons as Christene staan nie op gelyke vlak nie. Hy is baie groter as ons, hoog verhewe, die eniggebore Seun van God, Hy alleen is waarlik die Here, ons Here.

Die vraag in ons belydenis van- ***Waarom word Christus die eniggebore Seun van God genoem, terwyl ons tog ook kinders van God is?*** Hierdie baie belangrike vraag wys klaar op ’n verskil tussen Christus en ons. Die grootheid en die heerlikheid van Christus staan baie duidelik voorop. Daar is niemand soos Christus nie. Hy is die enigste, die waaragtige, die ewige Seun van God. En baie belangrik dat ons dit goed sal besef dat Christus het nie maar begin bestaan toe Hy mens geword het nie. Hy is nog altyd Self God. Voordat daar tyd of wêreld was, toe was Hy reeds die enigste Seun van God. In Johannes 1:30 staan dit met min woorde baie duidelik as Johannes die Doper dit sê- *Ná my kom ’n man wat voor my geword het, want Hy was eerder as ek*...Dit saamgelees met wat in vers 14 staan- Johannes 1: *Ons het sy heerlikheid aanskou, ’n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom…*

Ons belydenis wil oor die Godheid van Christus geen twyfel laat nie. Christus het Self die vraag baie duidelik gevra- *Wie sê die mense dat Ek die Seun van die mens is?*(Matt.16:13 e.v.) En dan word daar maar bietjie rond en bont gepraat. *Sommige sê dat u Johannes die Doper is, en ander Jeremia of een van die profete…* Daarby mag dit nie bly nie, want vra Jesus dan vir sy dissipels dit heel reguit- *Maar julle, wie sê julle is Ek?* Die woordjie JULLE word nou baie duidelik benadruk…*MAAR <u>julle</u> wie sê*

*julle…*Hier mag geen twyfel wees nie. En dit wat Petrus nie net namens homself gesê het nie, maar was dit baie duidelik 'n antwoord namens die ander dissipels en net soveel moet ons vanoggend kan sê hy het ook namens my gepraat. Namens al die gelowiges, namens die Kerk van alle eeue, moet dit so duidelik as moontlik uitgespel word- *U is die Christus die Seun van die lewende God* (Matt.16:16).

Hy is nie maar net 'n gewone mens nie, maar Hy is waarlik God, Hy is werklik die Seun van die lewende God. Toe Christus gedoop is en kort voor die kruis by die verheerliking op die berg het God die Vader elke keer dieselfde gesê- *Dit is my geliefde Seun in Wie Ek 'n welbehae het…*Christus wat waarlik in alles God is, gelyk aan God. In Psalm 2 hoor ons die Woord van God – *Vandag het Ek self u gegenereer…*Hierdie Psalm, al staan dit in die Ou Testament, al was Christus nog nie as mens gebore nie, staan al twaalf hierdie verse ons naby om waarlik dit wat ons belydenis na ons bring woord vir woord in Christus te lees. *Kus die Seun…*

Die manier waarop ons belydenis gekus moet word kan ons Psalm 2 in hoofsaaklik 4 dele verdeel. In verse 1-3 handel dit oor wat hier op die aarde aan die gang is. Die nasies woel en werskaf, elke hoender op sy eie werf, terwyl die volkere en lande hulle groot hou en bestaan daar allerhande wêreld verdrae en besluite wat die wêreld as gewigtig beskou. Vir die Here is dit nietige dinge, want gaan dit in hoofsaak oor hoe mense in opstand is teen God en teen sy Christus, sy Gesalfde. Hulle wil die juk van die Here afgooi en sy bande verbreek Die volgende drie verse- vv.4-6, word ons die hoogtes van die hemele ingebring. Kan 'n enkele tak die hele bos laat bewe. Die Here is bo alles verhewe, Hy regeer oor alles, en daarom is die magtelose gespartel van die volke, hoe hulle probeer om teen die Here en sy Gesalfde op te staan soos 'n miertjie wat die wêreld wil laat bewe. Die Here lag, Hy spot met hulle…hoe kan hulle dit enigsins probeer, maar hierdie is nie 'n grap nie. Vers 5 wys die Here sal sy toorn oor hulle uitgiet, die Here sal hulle in sy grimmigheid verskrik. En dan wys vers 6 op wat die verskil in ons belydenis maak. *Ek tog het my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg.*

Die konings van die wêreld kan wat ook al probeer, maar hierdie Koning deur God gesalf is die Een wat alle mag in die hemel en op die aarde het.

En weet u in die derde hoofdeel van die Psalm, vv.7-9 dan is hierdie gesalfde Koning Self aan die Woord. Hy maak dit baie duidelik dat Hy werklik Seun van God is. *Ek wil vertel van die besluit: Die HERE het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer.* Dit word duidelik uitgespel. Hy wat hier praat- die Seun van God, is Self God. Hy laat Hom nie verneder nie, ja te midde van al die gewoel en die beraadslaginge in die wêreld is Hy oor die wêreld aangestel. Hy ontvang die nasies as sy erfdeel en die hele aarde, selfs die heelal, wat groter is as daar waar die aarde eindig, as sy besitting. Hierdie Seun van God maak dit baie duidelik dat Hy regeer ook deur te straf. Wêreldse koninkryk is vir Hom 'n erdewerk, 'n potskerf. Hy kan dit verpletter en dit stukkend slaan.

En as dit baie duidelik uitstaan, dan praat Dawid weer in die laaste drie verse van Psalm 2- vv.10-12. 'n Koning wat op die aarde is, as hy verstandig wil wees, as regters op aarde werklik gewaarsku wil wees, dan moet hulle dit goed besef dat die Seun van God gekus moet word. Ons moet Hom alleen aanhang, vertrou en liefhê, met ons hele verstand, ons hart en met al ons kragte. Dit saamgevat in die uitdrukking dat die Seun van God gekus moet word- *Kus die Seun dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie: want gou kan sy toorn ontvlam . Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil.*

Hy alleen is op hierdie wyse Seun van God. Aan Hom alleen behoort soveel mag, daarom dat ons belydenis dit ook saamvat- dat **Hy alleen is die ewige natuurlike Seun van God…**Ons kan op grond van die Woord byvoeg daarom is Hy alleen Koning van die konings, Here van alle here! Dit bly aangrypend soos Dawid dit profeties ,dit Messiaans saamvat- *Kus die Seun…*

Ons kindskap en sy Seunskap is nou aan mekaar verwant, soos wat dit beteken om 'n Christen van die Christus te wees. As dit nie vir die Seun was nie, dan was ons nie God se kinders nie. So min soos wat daar Christene kon wees as Christus nie daar sou wees nie.

Daarom dat ons belydenis sê dat **ons is om sy ontwil uit genade tot kinders van God aangeneem.** Sonder dat ons dit kon verdien- ja alleen genade- danksy sy verlossingswerk, ja om Christus se ontwil het ons kinders van God geword. Sy Seunskap en ons kindskap het ’n wonderlike band maar ook ’n heilige verskil.

Die wonderlike band is dat ons aangeneem kon word. Omdat Hy God se eniggebore Seun is maar terselfdertyd skaam Hy Hom nie, om ons sy broers en susters te noem nie (Heb.2:11). Deur Christus het ons kinders van God kon word en waar ons van nature geneig is om God en ons naaste te haat is daar in sy natuur die volkomenheid van God se liefde. In Efesiërs 1:5-6 staan dit dan ook só dat God ons deur Jesus Christus as sy kinders aangeneem het- *deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil, tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde.*

Die wonderlike betekenis van ons kindskap gegrond in Christus se Seunskap gee ons innerlike rus, dit plaas ’n heilige roeping op ons, en dit vertroos ons in beproewings. Die heilige verskil tussen Christus se Seunskap en ons kindskap is ewe belangrik. Van die oudste Christelike kerke het daar gedurig ’n geweldige dwaling gedreig en vandag nog net soveel- die gevaar van die gnostisisme. Mense wat glo dat hulle in ’n totaal mistieke eenheid met Christus kan één word dat dit hulle eintlik verander in ’n enersheid met Christus. Hulle glo dat hulle klaar so volledig met Christus een is, so volledig geïdentifiseer asof hulle eintlik klaar in die hemel is waar Hy na sy mensheid is. Hulle leef nie asof hulle nog nie anderkant die graf is nie! Hulle maak dan ook gewoonlik of hulle beter Christene as ons is. Hulle voete is nie op die aarde nie, terwyl toe Jesus opgevaar het na die hemele, het die engele eintlik indirek vir daardie dissipels op die berg gesê- almal het nog stip na die hemel gekyk terwyl Hy weggaan- maar dadelik moet hulle hoor- *waarom staar julle en kyk na die hemel…*dit impliseer dat jy as Christen moet nou met jou voete op die grond lewe.

Daar kan nie ’n mistieke eenheid wees dat jy nou ook met Christus daarbo saamsmelt en dit dan eintlik beteken dat jy nie meer werklik hier op aarde Christen is nie. Terwyl ons

moet wees die sout van die aarde, die lig vir die wêreld. Op alle aardse terreine, lewensterreine moet ons dit wees. As jy dit nie wil wees nie, jy meen jy is eintlik 'n baie spesiale Christen, dan kan so een nie werklik saam met ons die laaste deel van Sondag 13 bely nie.

Want alleen mense wat weet hoe nodig hulle Christus nog werklik in hulle daaglikse lewe het, mense wat weet watter groot sondaars hulle is, mense wat die werklike verskil tussen wat God van my verwag maar dit wat ek werklik doen kan raaksien, sulkes noem Christus my eiendom. Hy is onse Here, ons Eienaar. Ons moet besef watter prys het dit Christus gekos om ons Here te word. Die Griekse woord "kurios" wat beteken *eienaar* of *besitter,* dit is waar die woord Here vandaan kom. Ons is sy eiendom of sy besitting. Hy het reg en aanspraak op ons, want ons behoort aan Hom. Psalm 2 bring dit hier ook eintlik duidelik in verband. Hierdie Here, hierdie Kurios, kan ook vertaal word met Koning. Psalm 2:6- *Ek tog het my Koning gesalf…*

Baie belangrik dat ons sien dat die Naam Here nie soseer op sy Godheid wil dui nie, maar Hy het hierdie Naam ontvang as loon op sy werk. Hy het ons Here geword omdat Hy ons verlos het en omdat Hy ons vrygekoop het. Thomas roep dit ook uit nadat Hy daardie prys gesien het- hoe Christus se hande lyk, die plek in sy, sy nog so groot om sy vinger daarin te steek- dan roep Thomas dit uit- *My Here en my God…* Dit gaan ook ***waarvan*** Hy ons vrygekoop en verlos het, ***waarmee*** Hy ons vrygekoop en verlos het en ***waartoe*** Hy ons vrygekoop en verlos het.

Ons is vrygekoop van die sonde en van die heerskappy van die duiwel. Die duiwel wat jou meester wil wees, hy, Satan wil eintlik jou here wees, maar watter harde baas is hy nie! Die Satan dryf 'n mens van kwaad na erger…God het ons uit sy kloue verlos. Ons sou nooit en kan nooit uit onsself daaruit vrygekom het nie. Waar ons van nature diensknegte van die sonde is, en die sonde 'n geweldige mag in ons lewens is, moet u waarlik hierdie deel van ons belydenis vasgryp om te weet dat Christus het ons vrygemaak dat ons waarlik vry kan wees. Ek noem Hom dan onse Here omdat Hy ons vrygekoop het.

Waarmee? Dit het van Hom baie meer gevra as dit wat vir ons kosbaar is. Die belydenis gebruik die voorbeeld van goud en silwer, dit wat ons meen kosbaar is, sy bloed is baie meer kosbaar. Met geld kan jy baie dinge koop. Selfs mag en eer, 'n goeie naam, selfs roem kan gekoop word met aardse goed, maar dit waarmee Christus vir ons betaal het sal jy nêrens op hierdie aarde vind nie. Sy bloed. Sy kosbare bloed het betaal!

Waar die Hebreër brief eintlik dit alles saambring sien ons daardie arme mense verjaag en verstote omdat hulle aan Christus behoort. Toe die brief die eerste keer daar by hulle aankom, hulle lees dit vir die eerste keer, dan het hulle werklik niks nie. Leeg geplunder, hulle het niks oorgehou nie. Baie sit in die gevangenis, ander kruip in gate weg, hulle is aan die vlug, in die veld of waar ook al, swaar mishandel, hulle het werklik aan silwer of goud niks nie, nie eers iets om te eet nie. In hierdie donker gryse omstandighede weerklink die begin van Hebreërs tot hulle elkeen- *Nadat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur sy Seun.*

Wat sê dit nie vir daardie mense so deur die lewe gejaag nie, dat God is nou nader aan ons as ooit. Hy spreek nie uit die verte nie, maar hierdie Eniggeborene van die Vader, Hy is vir ons die Eersgeborene onder al sy broers en susters wat swaarkry. Hy is in alles die Een wat eerste weet wat oor ons kom. Hy is die Here wat in sy heerlikheid vir ons die waarborg gee dat die toekomstige wêreld is aan Hom gegee. Hy kan dit doen want Hy is in hierdie wêreld geopenbaar as die enigste Seun, maar Hy het ook ontsluit dit wat geslote was. Die Eersteling onder al sy kinders, die Eersgeborene onder baie broeders het die pad na God vir ons oopgemaak. Alles is aan Hom onderwerp, ons is in sy bloed duur gekoop. Niemand kan teen die uitverkorenes van God beskuldiging inbring nie, niemand kan ons verdoem nie, dit is God wat God regverdig maak. Dit waartoe Hy ons verlos en vrygekoop het is om waarlik sy eiendom te wees.

Dit bring Sondag 1 weer direk na ons terug. Dit is my enigste troos dat ek in lewe en sterwe aan Hom behoort. Laat ons dan ook vanuit hierdie belydenis lewe dat ons nie die eiendom van die wêreld of van die duiwel is nie, maar ons is die eiendom van alleen

Jesus Christus, ons Here. Ek behoort ook nie aan myself nie. Watter troos om dit te mag weet! As ons Sondag 14 ingaan dan begin dit waarlik nog meer duidelik te word. Die dure prys wat daar betaal is. Daar is 'n neerdalende lyn. Die feit dat Hy wat my Here en my God is, as mens gebore moes word, watter vernedering is dit alreeds?! Sondag 13 wat in die hoogste hoogtes eindig, Hy wat ons Here is, Sondag 14 daal dadelik af grond toe, Hy wat op hierdie aarde gebore moes word.

Laat ons vandag net besef as die Here vir jou sê- JY IS MYNE…Daar is niks wonderliker as om dit te hoor nie! Daarmee saam skrywe Petrus – *julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry…*(1 Pet.2:9). Mag jy werklik as eiendom van onse Here leef. Hoe wonderlik om Syne te wees.

AMEN

Vrae uit Sondag 13

1. Noem van die verskille tussen Jesus se Kindskap en ons kindskap van God?
2. Hoekom is die belydenis van Petrus in Matt.16:16 vir ons so belangrik?
3. Watter voorbeelde is daar in God se Woord waar die Vader Self na Christus as sy Seun verwys?
4. Gee 'n indeling van die twaalf verse van Psalm 2 en hoekom is hierdie Psalm by Sondag 13 vir ons van besondere belang?
5. Wat beteken die uitdrukking in Psalm 2- *"Kus die Seun…*"?
6. Wat is die enigste wyse waarop ons kinders van God kon word? Is dit moontlik om sonder Christus 'n kind van God te word?
7. Wat verstaan jy onder die gnostisisme?
8. Wat beteken die Griekse woord "*kurios"*?
9. *Waarvan* het Christus ons verlos en vrygekoop? *Waarmee* het Christus ons verlos en vrygekoop? *Waartoe* het Christus ons verlos en vrygekoop?



34. Waarom noem jy Hom *ons Here*?
Hy het ons na liggaam en siel
nie met goud en silwer nie, maar met sy kosbare bloed
verlos
van die sondes
tot sy eiendom
vrygekoop
uit alle heerskappy van die duiwel
tot sy eiendom